



Die Stem van die Martelare

Desember 2024

COLOMBIË SE *Verlost Rebelle*

VAN KOKA-VELDE
NA CHRISTUS

HAAR MA SE
LAASTE WOORDE

BEREIK DIE
ROOI SONES



"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



AANHALING:

“Dit was streng verbode om vir ander gevangenes te preek. Daar is verneem dat wie ook al betrapp is wat dit doen, ‘n erge pakslae sou kry. ‘n Aantal van ons het besluit om die prys te betaal vir die voorreg om te preek, dus ons het die kommuniste se terme aanvaar. Dit was ‘n ooreenkoms; ons het gepreek en hulle het ons geslaan. Ons was gelukkig om te preek. Hulle was gelukkig om ons te slaan, so almal was gelukkig.”

—Richard Wurmbrand, *Vir Christus Gemartel*

Marxisme, Kokaiïne en Vervolging

SVM bedien aan ons Christelike familielede op plekke regoor die wêreld waar hulle die meeste en ergste weens hul geloof en getuenis vervolg word. Ons kategoriseer elke ligging óf as 'n Vyandige Gebied óf as 'n Beperkte Nasie — "vyandig" vir gebiede waar die vervolging hoofsaaklik van individue en groepe kom en "beperk" vir nasies waar die federale regering die hoofbron van vervolging is. Vandag bestaan die vervolgers in Vyandige Gebiede amper heeltemal uit Islamitiese terreurgroepe wat Islam deur geweld tot mag wil bring. Een noemenswaardige uitsondering is egter in Latyns-Amerika, waar dwelphandelaars Christene gewelddadig vervolg terwyl hulle hul Marxistiese (ateïstiese kommunistiese) ideologie bevorder.

In dele van Suid-Amerika en Sentraal-Amerika – insluitend sommige gebiede in noordelike Mexiko – is die vervolging deur dwelphandelaars sporadies en gelokaliseer. Maar in ander gebiede, veral in die verre suide van Mexiko en dele van Colombia, beheer goed befondsde en swaar gewapende guerrillagroepe (rebelle) die land en werk met byna volledige autonomie. Die onderskeie regerings kort óf die middele óf die wil, of albei, om die mense te beskerm. Ons Christenbroers en -susters ly in hierdie "rooi sones".

Terwyl neo-Marxisme voortdurend invloed deur middel van kulturele en politieke wyses in die VSA en Wes-Europa bereik, neem streng en gepaardgaande gewelddadige Marxisme in Sentraal-Amerika en Suid-Amerika toe. In Colombia, identifiseer Marxistiese ideologie Christene as teikens vir geweld deur ons geloof te karakteriseer as 'n wapen wat gebruik word om die werkersklas te onderdruk. Die realiteit is natuurlik dat die guerrillas van die mees onderdrukkende organisasies,

polities of anders, in die wêreld is. Gefinansier deur die dwelphandel, beman deur gedwonge diensplig van dorpenaars (insluitend kinders) om hul koka-velde te bewerk en gewelddadige gruwelade uit te voer, en wat deur linkses in die regering, deur hul bloedgeld gekoop, ondersteun word, is die guerrilla-rebelle toegewy tot die uitskakeling van vryheid van denke, spraak en aanbidding.

Amerikaners het onder andere die aanvraag na die Colombiaanse guerrillas se kokaién vir dekades gedryf. Onlangse regeringstatistiek toon dat byna 90% van die kokaién waarop daar in die VSA beslag gelê is, van Colombia se rooi sones afkomstig was. Wat 'n verskriklike ironie is dit nie dat mense in die VSA, 'n nasie waar meer as 80% van die bevolking beweer dat hulle Christene is en wie se regering bedoel is om 'n baken van demokrasie te wees, die Marxistiese guerrillas en ander dwelphandelaars finansier.

Die geld wat Amerikaners op dwelmmiddels spandeer, finansier die onderdrukking en moord op ons broers en sisters in Christus. Mag ons nooit ophou om die reddende boodskap van die Evangelie aan diegene aan beide kante van hierdie transaksies te verkondig nie, en mag ons nooit nalaat om God se soewereine genade te midde van sulke goddeloosheid, te sien. Op die vorige bladsy kan jy die Martinezes sien, 'n getroue Christengesin wat die hooffokus in vanjaar se veldtog vir die Internasionale Dag van Gebed (IDOP) vir vervolgde Christene is. En maak seker jy lees die storie oor Gonzalo, wat eens 'n werker in die koka-velde was, maar nou, nadat hy tot geloof in Christus gekom het, vir 'n beter oes werk.

Ashley

Op die voorblad: Juan Carlos, Pedro en Jorge het eenmaal saam met verskillende Marxistiese groepe in Colombia gedien. Maar vandag dien hulle Christus in die land se gevaarlike "rooi sones".

Bid asseblief oor skenking aan die Vervolgue Kerk. Ons broers en sisters in Christus het bemoediging nodig. Meeste van hulle het nie meer toegang tot 'n Bybel nie. Help ons om Bybels in die hande van Christene regoor die wêreld te plaas.

VIR DONASIES AAN CHRISTELIKE SENDING INTERNASIONAAL gebruik asseblief enige van die volgende Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Verw.: U Naam/Bybels

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

Verw.: U Naam/Bybels

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centr

Verw.: U Naam/Bybels



Verruil Kokaplante vir Kerkplante


Gered uit 'n lewe van desperaatheid en sonde, bedien 'n Colombiaanse koka-veldwerker nou aan die gewelddadige rebelle saam met wie hy eenmaal gewerk het.

Toe Gonzalo in die Colombiaanse koka-velde en laboratoriums wat kokaïen produseer begin werk het, was hy 'n harde man – en 'n toenemend desperate een. Sy pa het die gesin verlaat toe Gonzalo jonk was en sy moeder het die kinders gelos om self die mas op te kom. Sy broer, wat as jeugdige by een van die guerrillagroepe aangesluit het, het op die ouderdom van 16 gewelddadig gesterf.

"Ek het grootgeword in 'n omgewing waar jy moet baklei om te oorleef," het Gonzalo gesê. En die bakleiry het nie met volwassenheid geëindig nie; hy was fisies en verbaal beleidigend teenoor sy vrou, Edilma, en hul vier dogters.

Al het die koka-oes bestendige werk en 'n gereelde inkomste voorsien, het Gonzalo onder konstante bedreiging van aanval geleef. Die koka-velde, geleë in Colombia se berugte "rooi sones", is die domein van Marxistiese guerrillas soos die *Revolutionary Armed Forces of Colombia (FARC)* en verskeie regsgesinde paramilitêres. Hierdie groepe veg vir beheer van die dwelmhandel en weerstaan regeringspogings om dit uit te roei.

Die guerrillas, beskermend oor hul winsgewende oeste, het werkers gestraf wat hulle nie geken of nie kon vertrou nie, en regeringsmagte het gereeld op die guerrilla-kampe



“God is getrou, Hy het hierdie deur vir ons oopgemaak,
... en ons het die wonderwerke gesien wat God met
hierdie families gedoen het.”

◀ Gonzalo het in koka-velde gewerk voordat hy tot geloof in Christus gekom het. Hy en sy vrou, Edilma, bedien nou aan rebelle in die rooi sones.

besef dat daar werklik 'n God is, 'n baie kragtige God, wat daardie soort transformasies kan bewerkstellig.”

Beide hul harte en huis het dramaties verander. “Daar was geen mishandeling meer nie, nóg verbaal nóg fisies,” het Edilma voortgegaan. “God het ons almal verander. Dit is toe dat ons die Here baie passievol begin dien het.”

‘n Beter Oes

Die pastor by hul kerk het Gonzalo en Edilma gehelp om te leer en groei as volgelinge van Christus. Terwyl hulle in hul geloof gegroeи het, het hulle leiersrolle aangeneem, en in 2016 is hulle uitgestuur om 'n nuwe kerk te plant. “Dit was ek, my vrou en nog 'n paartjie,” kon Gonzalo onthou. “Daar was nie 'n kerk nie; daar was net 'n huis.”

Colombië se rooi sones, reeds gevaaerlik as gevolg van voortdurende geweld, dwelhandel en ander kriminele aktiwiteite, is veral gevaaerlik vir Christene. Die guerrillas teiken spesifiek Christene omdat hulle gehoorsaamheid aan God se Woord hulle natuurlike teenstanders van die militante se saak maak. Aanbidding, evangelisasie en reis is moeilik in hierdie gebiede omdat die guerrillas alle aspekte van dorpenaars se lewens probeer beheer.

Ondanks die risiko's het Gonzalo en Edilma gewillig na 'n rooi sone teruggekeer, hierdie keer as bedienaars van die Evangelie wat voorbereid was vir geestelike oorlogvoering. Hulle het 'n kerk geplant en God vertrou om 'n oes te voorsien wat baie meer waardevol as kokablare is.

“God is getrou,” het Gonzalo gesê. “Hy het hierdie deur vir ons oopgemaak, ... en ons het die wonderwerke gesien wat God met hierdie families gedoen het. Meer mense kom en die getalle groei. Hoe het ons God sien werk? In die transformasie van families deur die Woord. Hierdie families het verander, is herstel. God het vir ons families gegee, hele families, wat tot bekering gekom het.”

Diegene wat herstel en bekeer is, sluit sommige uit die vyande se kamp in – voormalige guerrillas wat met die geweld ontnugter geword het, maar steeds deur hul gemeenskap verwerp is vanweë hul vorige verbintenis met die FARC. “Hulle

toegeslaan in pogings om die koka-velde te vernietig. Bomme en koeëls het werkers gereeld die bos laat invlug. Gonzalo het uiteindelik sy pad uit die koka-velde en in konstruksiewerk gevind. Maar hy kon steeds nie die desperaatheid wat deur jare se geweld veroorsaak is, en 'n onvermoë om sy eie woede en gewelddadige neigings te beheer, afskud nie.

“Ek het nie geweet hoe om te bid nie,” het hy gesê, “so ek het net gebid hoe ek gevoel het. By verskeie geleenthede moes ek na my slaapkamer hardloop en tot God roep.”

Na 'n voorval met 'n paar soldate wat gelei het tot 'n wrede pakslae en 'n dieper wordende gevoel van hopeloosheid in sy gesin, het Gonzalo ernstig tot die Here genader. In 2006 het sy soek tog hom gelei na die kerk en 'n ontmoeting met die lewendige God.

“Ek het die Here gevra om iets met my lewe te doen,” het Gonzalo gesê. “Ek het vreemde dinge begin voel wat ek nog nooit voorheen gevoel het nie. My gedagtes is vernuwe en ek het Christus aangeneem. Ek het anders begin dink, anders gepraat. Ek was verlief op die Here.”

En toe Edilma die dramatiese verandering in haar man sien, was sy oortuig van die bestaan van 'n liefdevolle God. “Ons was 11 jaar saam,” het sy gesê, “en hy wou nog altyd verander, maar kon nooit nie. In die twee ure wat ons in die kerk was, het hy as een man ingekom en as 'n ander uitgestap. Ek het

word deur ander in die gemeenskap verwerp, maar ons bewys liefde aan hulle,” het Gonzalo gesê.

Daardie liefde word egter deur die guerrillas wat die gebied beheer as ‘n bedreiging beskou.

Vroeg in 2024, het ‘n plaaslike FARC-bevelvoerder dorpsmense vir ‘n vergadering byeengeroep en vir hulle gesê dat daardie kerk se dienste verbode was. Die koste van ongehoorsaamheid, selfs wanneer nie vermeld word nie, word goed verstaan. “As ons hulle bevele verontsaam, sal ons probleme met hulle kry,” het Edilma gesê. “Hulle sal ons óf uit die dorp skop óf hulle sal ander maatreëls vind wat hulle toepas.”

Die “ander maatreëls” sluit in toesighouding, ontvoering, aanranding, marteling en moord, potensiële gevolge wat elke Christenbedienaar in ‘n Colombiaanse rooi sone moet oorweeg. En Gonzalo se gemeente is nie immuun nie. Een kerkkleier is vir vier dae ontvoer en tydens sy gevangenskap aan die nek vasgeketting; Gonzalo word gereeld dopgehou, gevolg en bevraagteken; en in een dorp is ‘n hele gemeente van 25 Gelowiges gedwing om te vlug.

“Dit is maar net die soort manier waarop dinge hier gebeur,” het Gonzalo gesê. “Maar te midde daarvan gee God die krag en vermoë om aan te hou om die Evangelie te verkondig.”

Plek-tot Plek Bediening

Gonzalo en sy gesin erken die baie werklike dreigemente wat hulle trotseer en die vrees wat die gevolg is, maar hulle vind troos en bemoediging uit die Skrif. Soos met baie Christene deur die eeuve heen, kry Edilma troos en krag uit Psalm 23. Gonzalo, intussen, kyk na 2 Kronieke 16:9 as ‘n bemoediging om in geregtigheid te volhard: *“want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is.”*

Om die Evangelie onder bedreiging van geweld te verkondig,

vereis van Gonzalo en Edilma om hul bedieningswerk lig en beweeglik te hou. Hul primêre ondersteuning kom van drie van hul dogters en twee skoonseuns.

“Ons kom nie as ‘n groep byeen nie,” het Edilma gesê, “omdat die guerrillas dit nie sal toelaat nie.” In plaas daarvan reis hulle van huis tot huis en besoek families individueel. Alhoewel hulle in groter, en daarom veiliger stede kon bly, kies hulle om kleiner dorpie te besoek wat groot onderdrukking deur plaaslike militante trotseer. Frontlinie-Werkers het Gonzalo en Edilma van draagbare bedieningshulpmiddels voorsien om hul werk te vergemaklik in gebiede wat erg deur konflik en geweld benadeel word.

Terwyl woede en haat die guerrillagroepe deurdring het, die gemeenskappe wat deur militante oorheers word, en selfs sommige Christene wat groot vrees en diepe verlies in die rooi sones ly, versoek Gonzalo en Edilma gebed dat die Here sal aanhou om vir hulle passie vir die bediening te gee.

“Soms dink ons dat ons beter af sal wees as ons iewers anders heen sal gaan,” het Edilma gesê, “maar dan dink ons aan die siele wat in nood is. Wie gaan die Goeie Nuus aan hulle verkondig as ons wegtrek? Daar is soveel mense wat seerkry; ... daar is mense wat Christus nodig het. Christus is die een wat hulle harte genees, en ons is daar om hulle te bereik.”

Gonzalo en Edilma het die belofte van Galasiërs 6:9, wat hulle pastor ter bemoediging met hulle gedeel het, ter harte geneem: *“En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.”* ■

▼ Aangesien die guerrillas eredienste verbied, het Gonzalo en Edilma in die huise van gemeenteledere byeengekom. Frontlinie-Werkers het die egpaar van bedieningshulpmiddels voorsien om hul werk in gebiede wat deur geweld benadeel word, te vergemaklik.



Haar Ma se LAASTE WOORDE



Salome het lewendige herinneringe aan die nag, 13 jaar gelede, toe sy en haar drie susters deur geweervuur wakker gemaak is. Toe een van haar ouer susters die ander vra of hulle dit gehoor het, het die meisies uit hul beddens gespring en 'n nagmerrie gekonfronteer.

"Ons het opgestaan om te sien wat aangaan," onthou Salome, "en ons het gesien ons ma was dood."

Oomblikke vroeër het twee mans aan die voordeur van hul huis in Colombia geklop, wat Salome se ouers, James en Rocio Pino, wakker gemaak het. Toe hulle die deur oopmaak, het die mans hulp met hul motorfiets gevra. Terwyl James uitgegaan het om te help, het een van die mans saam met Rocio by die deur bly staan en na haar man gekyk.

"Is jou naam Maria?" het die man vir Rocio gevra.

"Nee, ek is Rocio Pino," het sy geantwoord.

Skielik het die man Rocio drie keer geskiet. James het omgedraai toe sy vrou op die grond val, en Salome en haar susters het vinnig na die deur gehardloop. James het die skietter probeer konfronteer, maar die twee mans het op hulle motorfiets weggejaag. Salome het gesê sy is dankbaar dat die mans nie hul pa ook geskiet het nie.

To James hulp ontbied het, het nooddienste geweier om te reageer omdat die gesin in een van Colombia se "rooi sones" woon, gebiede wat deur militante guerrillagroepe soos die *Revolutionary Armed Forces of Colombia (FARC)*, beheer word. Die pad na hul dorpie was swaar gelaai met mynkrut en deur FARC-guerrillas bewaak, dus kon James en sy dogters van geen hulp wees toe Rocio op hul voordeur sterf nie.

Die volgende dag, 7 Maart 2011, sou 'n tipiese Maandag

wees, gevul met skool, huiswerk en kerklike aktiwiteite. Maar in plaas daarvan, het die 10-jarige Salome en die res van die Pino-gesin gewerk om 'n haastige begrafnis vir Rocio te reël.

Voor sonsopkoms daardie dag het sommige mans, wat beweer dat hulle van die regering gestuur is, voor hulle deur opgedaan en gevra om Rocio se liggaaam te neem as deel van 'n ondersoek na haar moord, maar die familie het hulle nie geglo nie. James het geglo hulle was FARC-guerrillas wat probeer het om bewyse van hul misdade te verdoesel.

"My pa het gesê: 'Nee, ons gaan die lyk vat. Wie het julle gestuur?'" onthou Salome.

Die oomblik toe die mans weg is, het James vir die meisies gesê om wat ook al hulle kon bymekaar te maak en in die kar te klim, saam met hul ma se liggaaam. Hy het geweet hulle is nie veilig nie.

Die meisies was, tot begrype, in skok. "Ons was klein dogtertjies," het Salome gesê. "Ons het eintlik niks begryp nie. Ons vier het saam met my ma gery."

Die gesin het na 'n nabijgeleë dorp gery waar hulle 'n onvoorbereide begrafnis gehou het by 'n kerk waar baie mense vir Rocio en die Pino-gesin geken en liefgehad het.

"Ek weet nie hoekom die slechte mense haar wou seermaak nie," het Salome gesê. "Sy het vir daardie mense gepreek. In daardie dae was daar baie guerrillas in daardie gebied. Ek onthou ons was alleen saam met my ma, en op daardie tydstip het 'n vroulike FARC-soldaat, ongeveer my ouerdom, na haar gekom. My ma het vir haar 'n Nuwe Testament gegee ... en haar vertel dat sy verkeerde dinge doen."

Salome het ook gehoor hoe haar ma die militant aanspoor



► Salome glo die guerrillas het haar ma geteiken omdat sy teenoor 'n vroulike guerrilla-soldaat getuig het.

om die FARC te verlaat. "Die Here wag op jou," het haar ma vir die jong dame gesê.

Salome en haar gesin glo Rocio is vermoor omdat sy teenoor die jong guerrilla getuig het. Om die FARC te verlaat of iemand aan te moedig om dit te verlaat word as 'n daad van verraad beskou. "Wanneer die guerrillas poog om te demobiliseer, wat is wat hulle dit noem, word hulle vermoor," het Salome verduidelik. "Daar is geen uitkoms vir jou."

Na die begrafnis het vriende vir Salome en haar gesin gehelp om skuiling te vind. FARC-militante het vir verskeie jare na hulle gesoek, wat hulle gedwing het om voortdurend rond te trek. Elke keer wanneer hul skuilplek ontdek is, het die Pino's gewonder wie het vir die FARC vertel. Salome weet wat sou gebeur het as hulle gevang is.

"Hulle sou my pa doodgemaak het," het Salome gesê. "Ons sou ontvoer word. Ons sou deel van die FARC gewees het. Hulle sou ons waarskynlik maak, ons dwing, om een van hulle te wees."

Die Pino-familie het gesukkel ná Rocio se dood. Gereelde skuiwe het dit vir Salome en haar susters moeilik gemaak om in 'n skool te vestig, en finansies was skraps.

"Dit is baie moeilik om sonder 'n ma groot te word," het Salome tranerig gesê. "Toe ek klein was, het ek altyd vir God gevra: 'Hoekom ek, God, hoekom ek? Ek is 'n kind.'"

Sommige lewensgebeure, soos Salome se 15de verjaardag, was veral moeilik sonder haar ma. In Latyns-Amerikaanse kulture, dui 'n meisie se 15de verjaardag op haar volwassenheid en word tradisioneel gevier met 'n *quinceanera*, 'n feestelike byeenkoms van familie en vriende. Die jong vrou wie gevier word, dra dikwels buitensporige drag vir die mylpaalgeleentheid, en Salome word herinner aan haar

teleurstelling dat sy nie nuwe skoene kon koop vir haar partytjie nie.

"Ons begroting het dit nie toegelaat nie," het sy gesê. "Dit was 'n klein partytjie, net my vriende en my susters. Maar wat my getref het, was dat my ma nie daar was nie. Dit het regtig 'n merk gelaat."

Salome se oudste suster het haar quinceanera gevier voor hul ma vermoor is, en Rocio het 'n spesiale hoender- en rysgereg vir die geleentheid voorberei. Die gesin het dieselfde maaltyd vir Salome se viering gekook en het sedertdien voortgegaan om daardie spesiale gereg vir elke verjaarsdag voor te sit.

"Ek dink dit was my moeilikste tyd daardie," het Salome gesê. "Ek het nie my ma vir my 15de gehad nie, maar ek het my pa en 'n paar vriende gehad. Ek weet hulle het die beste gedoen wat hulle kon. Ek wou nie eers 15 word nie, want, jy weet, jy verander in 'n vrou."

Maar sy het vir haarself gesê sy moet grootword, selfs sonder haar ma.

Salome het oor haar ma se dood nagedink en onthou van 'n spesiale oomblik wat sy kort voor Rocio se moord met haar gedeel het. Die gesin het op 'n Sondagmiddag na buite gegaan om adamsnaalde en aartappels uit 'n nabijgeleë tuin te versamel, toe Salome en haar jonger suster hul ma genader het. "Ek het my ma geseen, en ek het haar omhels," het Salome gesê. "Dit was die laaste keer wat ek haar omhels het."

Salome onthou ook duidelik haar ma se finale, verbasende vermaning. "Die laaste woorde wat sy vir my gesê het," het Salome gesê: "'Wanneer iets met my gebeur, wil ek hê jy moet sonder my voortgaan en vir jou pa sorg.' Dit was amper asof sy geweet het."



“Ek het gefokus op die woorde wat my ma vir my gelos het:

‘Gaan voort sonder my.’”

Vandag, as ‘n 23-jarige kollegestudent, dra Salome haar ma se lesse saam haar. “My ma was altyd sterk,” het Salome gesê. “Ek is in ‘n Christelike huis gebore. My ouers het altyd met my oor God gepraat, ... en ek sien dat my ma vir my ‘n groot gawe naglaat het om in God te glo.”

Salome se geloof het daartoe gelei dat sy haar ma se moordenaars vergewe het, maar dit het tyd geneem. “Ek het baie haat gehad,” het sy gesê.

Uiteindelik het Salome haar wrok teenoor die FARC-guerrillas oorkom. “Op die oomblik dra ek geen woede teenoor hulle nie,” het sy gesê. “My hart is skoon. As ek haatdraend teenoor hulle was, kon ek nie gelukkig wees nie. Ek sou altyd met daardie haat saamleef. In my geval het ek hulle vergewe. In my hart het ek vrede teenoor hulle.”

Salome dien tans as Sondagskoolonderwyser in ‘n kerk wat sy liefhet. Sy woon twee keer ‘n week kerkdienste by, terwyl sy haar kollegestudies in grafiese ontwerp voortsit en werk om haar gesin te help onderhou. Salome is die enigste kind in die gesin wat ‘n kollegegraad verwerf het, en haar onderrig word deur die globale liggaam van Christus, deur middel van Frontlinie-Werkers, betaal.

Tydens die pandemie het Salome en haar gesin finansieel gesukkel, van 70 000 peso’s (minder as R350) per week geleef. Maar God het altyd voorsien. “God het daardie 70 000 peso’s vermenigvuldig om alles te kan betaal,” het sy gesê. “Weet jy, ek het gesien hoe groot my God is. Ek was nog nooit alleen nie.”

Salome sê haar ma se laaste woorde het haar deur al die uitdagings gedra wat sy moes trotseer terwyl sy groot geword het. “Ek het baie krag van God gevra,” het sy gesê, “want dit was baie moeilik. Ek het gefokus op die woorde wat my ma vir my gelos het: ‘Gaan voort sonder my.’ Dit is daardie frase wat my gedra het.” ■

► Salome het gesê dat Godgegewe krag en haar ma se laaste woorde haar gedra het.



VERLOSTE REBELLE

Nadat hulle saam Marxistiese groepe in Colombië gedien het,
verkondig drie broers nou die Evangelie.

Pedro, Juan Carlos en Jorge lyk soos drie gemiddelde ouens wat lief is vir hul vrouens en kinders. Hulle geniet duidelik mekaar se geselskap, breek lukraak los in sang, maak grappies en lag lekker saam. Maar die grondslag van hul verhouding is dieper as wat dit aanvanklik mag voorkom. Hulle is broers, in beide die familiale en geestelike sin, wat verenig word deur 'n gemeenskaplike doel: die bevordering van God se koninkryk in een van die mees gevaaarlike plekke op aarde om Christus te volg.

Die broers het in Arauca grootgeword, 'n "rooi sone"

langs die grens met Venezuela wat deur guerrilla-aktiwiteite beheer word. Die streek is lank reeds bekend vir geweld en dwelmhandel deur twee Marxistiese groepe – die *Revolutionary Armed Forces of Colombia (FARC)* en die *National Liberation Army (ELN)*. Toe die broers grootgeword het, is daar van die meeste jongmense verwag om by een van die militantegroepe aan te sluit, en hulle was geen uitsondering nie.

"Dit was óf ELN óf FARC, of jy was deel van die Kommunistiese groep," het Juan Carlos gesê, "maar jy moes behoort." Let wat verbasend het hulle verskillende groepe



gekies: Jorge het by die FARC aangesluit, Pedro by die ELN en Juan Carlos het by die *Communist Youth (JUCO)* aangesluit.

Die oudste broer, Jorge, wat nou 51 is, het eerste aangesluit. Hy het by die FARC ingeskryf toe hy 16 jaar oud was en vinnig deur die gelede gestyg om 'n sloopkundige te word. Sy primêre taak was om bomme te maak en dit op plekke te plaas wat vir aanval aangewys is, insluitend kerke. Dit het hom 'n vreesaanjaende reputasie onder plaaslike Christene in die omgewing besorg.

"Ek was baie bang vir hom," het Juan Carlos se vrou, Mayerlin, wie se pa 'n pastor in hul dorp was, gesê. "Hy sou my pa vermoor, want my pa sou vir die FARC preek."

Mayerlin se vrese was nie ongegrond nie. "Ek het amper 'n pastor opgeblaas wat deur 'n brug oorgestek het," het Jorge gesê. "Ek het amper haar pa, wat die pastor was, vermoor."

Terwyl Jorge bekendheid in die FARC verwerf het, het Juan Carlos gevorder in JUCO, die jeugvleuel van die *Colombia Communist Party*. Hy was sekretaris van die organisasie op die ouderdom van 17, toe hy Mayerlin ontmoet het, wat hom na 'n evangelisasie-uitreik genooi het. Tydens een van die dienste het Juan Carlos geglo hy het gevoel dat God direk met hom praat.


"God het vir my persoonlik 'nwoord gegee dat ek drie dae gehad het om Hom te vind of ek sou sterf," het Juan Carlos gesê. Op daardie oomblik het hy gesê hy het meer vrees as oortuiging gevoel. Maar drie dae later, terwyl hy verby 'n snoepkroeg gestap het, het 'n paar mans binne op hom geskiet en gedink hy was iemand anders. Mense het geskree toe koeëls die grond langs hom getref het.

Toe onthou Juan Carlos die boodskap wat hy tydens die kerkdiens ontvang het. "Ek kon sien dat God my daardie dag bewaar het, want hulle het my amper doodgemaak," het hy gesê. "Daardie aand het ek die Here aangeneem. Ek het tot Christus gekom."

Nadat hy sy geloof in Christus geplaas het, het Juan Carlos 'n dilemma beleef. "Toe ek Christus aangeneem het, was ek steeds deel van die jong kommuniste," het hy verduidelik, "en dit het reperkussies gebring, want dien jy God of bly jy in die organisasie? Ek het besluit om te bedank en in die weë van die Here te wandel."

Maar om weg te stap was nie so maklik nie. Die organisasie se leiers het vir hom gesê dat as hy weier om voort te gaan om in 'n aktiewe rol te dien, hy die gebied moet verlaat of vermoor sal word.

"As sekretaris van die organisasie het ek iemand genader wat geheime geken het," het Juan Carlos gesê. "Hulle het vir my gesê



▲ Marxistiese groepe verbied eredienste en sluit kerkgeboue in rooi sones.

hulle sal nie vir my lewe verantwoordelik wees nie."

Toe Juan Carlos geweier het om voort te gaan om in die organisasie te dien, het sy voormalige kollegas weerwraak teen gebiedskerke geneem. "Hulle het gekom en die deure met kettings gesluit," het hy gesê, "al die kerke in die omgewing. Geen kerke kon vir 'n jaar funksioneer nie. Daar was geen dienste meer toe ek 'n Christen geword het nie."


Alhoewel Mayerlin en haar gesin weens die sluitings gely het, het die Evangelie nie gely nie. Plaaslike Christene het aangepas en in huise regoor die dorp byeen gekom.

"Ek was honger," onthou Mayerlin. "My pa was 'n pastor en ons het nie kos gehad om te eet nie, want ons mag nie ontmoet of offergawes opgeblaai het nie. Maar God het daardie vervolging gebruik en die kerk laat groei. Toe hulle dit gesluit het, kon ons die helfte van die kerk nie volmaak nie, en toe ons dit weer oopmaak, was daar te min plek vir almal in die kerk."

Sos die kerk gegroeи het, so het die wedersydse gevoel tussen Juan Carlos en Mayerlin ook toegeneem. En met hul uiteindelike huwelik het Mayerlin se pa, pastor Guillermo, Juan Carlos begin oplei in dissipelskap en hom aangespoor om die Evangelie aan sy broers te verkondig. Juan Carlos het besluit om sy geloof eerste met Pedro, die ELN-lid, te deel.

Om vir die ELN as 'n koerier te werk, het aan Pedro spesiale voorregte gegee, insluitend die geselskap van vroue, so hy was aanvanklik nie ontvanklik vir die Goeie Nuus wat sy broer verkondig het nie. En aangesien die pastor se dogter reeds met sy broer Juan Carlos getroud was, het hy nie geglo die kerk het baie om te bied nie. "Ek het vir my broer gesê: 'Hier is nie meer dogters nie; die pastor het nie meer dogters nie,'" onthou Pedro en lag. "Wat gaan ek daar kry?"

Deur Juan Carlos se getrouwe en meedoënlose getuienis, het



▲ Pedro se kerk is oorkant die pad van 'n guerrillakamp geleë. Die guerrillas het onlangs op 'n kano geskiet wat passasiers rivierop na Pedro se kerk vervoer het. .

Pedro uiteindelik sy geloof in Christus geplaas. "Wat my oortuig het is die manier waarop die pastor gepraat het asook my broer Juan Carlos se voorbeeld en volharding," het Pedro gesê. "Hy was 'n voorbeeld wat nuuskierigheid gewek het."

Toe het Juan Carlos, saam met Pedro en Pastor Guillermo, hul aandag op die FARC-lid, Jorge, gevestig. Hulle het hom genooi om 'n diens by te woon, en eendag het hy ingestem.

"Ek het begin kerk toe gaan, en God het met my begin werk," het Jorge gesê. "Die pastor het vir my gesê: 'Jy gaan die Here dien. Selfs al gaan jy vandag terug na die lewe van sonde, eendag sal jy die Here dien.' Daardie woorde was 'n saad, en eendag in die diens, sonder dat die pastor weet, het ek die behoefte gekry om God te soek. Op daardie dag het ek die Here leer ken."

Sedert hulle Christus leer ken het, het die drie broers die afgelope twee dekades spandeer om die Evangelie te verkondig.

"Ons kon baie red om nie by die FARC aan te sluit nie, om nie daardie pad te stap nie," het Jorge gesê. "Ek het die ervaring en die gesag gehad om vir hulle te vertel dat dit nie die regte pad is nie, want ek het daardie pad gevolg. Dit het ons toegelaat om te evangeliseer, en daar is baie mense in ons kerk wat saam met die groep gewerk het, maar vandag dien hulle die Here."

Terwyl ander in die omgewing tot Christus bekeer het, het die broers teenstand ervaar van diegene wat die Evangelie vyandigesind was. Pedro het verduidelik dat wanneer gesinne tot geloof in Christus kom, hulle ophou om aan guerrilla-aktiwiteit deel te neem. En wanneer die guerrillas uitvind dat die families hulle verlaat het omdat hulle Christene geword het, teiken die guerrillas dan die pastors.

"Wie se skuld is dit dat gesinne die guerrillas verlaat?" vra Pedro retories. "Dit is die pastor se skuld, die Evangelie. Die guerrillas moet altyd vyande van die Evangelie wees."

Pedro se kerk is oorkant die pad van 'n guerrillakamp geleë, dus is elke preek wat hy gee binne hoorafstand van die guerrillas. Die guerrillas het onlangs op 'n kano geskiet wat

passasiers rivierop na Pedro se kerk vervoer het.

Op 'n ander keer het gewapende guerrillas sy kerk binnegekom. Toe 'n pastor wat die diens bygewoon het later vir Pedro gevra het hoe hy onder sulke ingewikelde omstandighede kon preek, het Pedro gesê: "Jy moet baie Christus-gesentreerd wees. Dit is nie maklik nie, maar daar is baie werk om te doen."

Pedro het gesê die FARC het eendag sowat 250kg se plofstoef rondom die kerk geplaas en toe die diens onderbreek om diegene wat binne was te waarsku. Nadat die gemeentelede op 'n nabijgeleë plaas skuiling gevind het, het die militante probeer om die plofstoef te laat ontploff. Maar iets verbasend het gebeur.

"Toe hulle gaan om die bom te ontploff," het Pedro gesê, "het hulle die pen getrek en dit het nie ontploff nie! Dit het nooit afgegaan nie, dus het hulle dit op 'n vrugmotor gelaai en sowat 6 kilometer ver met dit weggeery. Teen 05:00 die volgende dag het hulle die penne getrek en dit het ontploff. Van 6 kilometer weg het ek twee van die ligte in my trok verloor. My seun ly nog bietjie aan trauma, en groot geluide pla hom regtig nog omdat hulle soveel bomme in daardie gebied geplant het."

Pedro het gesê hy glo God het sy kerk en gemeente van die bomme beskerm. "Ons het soveel groot getuienissoos hierdie," het hy gesê. "Ek het verstaan dat God vir dinge sorg."

Terwyl hulle dankbaar is vir God se beskerming, weet Pedro, Juan Carlos en Jorge dat hulle Evangeliewerk hulle onder groot risiko plaas in die rebellebeheerde gebied waar hulle woon en werk. Vroeg in 2024 het 'n vriend vir Juan Carlos gesê dat militante van plan was om hom te ontvoer en vir drie dae in die oerwoud vas te bind. Wanneer hulle iemand wil doodmaak, bind hulle soms die persoon in die oerwoud vas en sit bloed op hom of haar om wilde diere te lok.

"Ek weet ek maak sommige mense in die plek ongemaklik," het Juan Carlos gesê. "Soos baie pastors hier in hierdie omgewing, het ons nou beperkings: geen dienste in die nag, geen nagwaak. As ons iemand na die streek gaan nooi, moet ons die guerrillas inlig wie hulle is, waar hulle vandaan kom."

Pedro en Jorge het ook waarskuwings en beperkings ontvang oor kerkdienste in hul gebiede. Pedro se lewe was bedreig en verskeie van sy kerklidmate het geliefdes vanweë die guerrillas verloor.

"Die meerderheid van die mense daar is deur die geweld ontroer," het hy gesê. "Die musikant van die kerk? Hulle het sy pa vermoor. My skoonpa en skoonma is deur ELN vermoor." Pedro is ook bekommerd oor sy tienersun wat gewerf word om by 'n rebellegroep aan te sluit; hulle het hom geld en materiële besittings aangebied om by hulle aan te sluit.

Tog bly Pedro en sy broers getrou aan die roeping wat hulle elkeen ontvang het om die Evangelie van Christus in hierdie gevaaarlike plek te verkondig. Hulle beskou die kerk as 'n baken van hoop te midde van die geweld.

"Die guerrillas is in beheer van die hele stad," het Pedro gesê. "Hulle is in beheer van enige burgerlike organisasie en weermag organisasie in die gebied. Die enigste ding wat hulle nie in staat is om te beheer nie, is die kerk. Hulle het probeer om my kerk te sluit en ek het gesê: 'Ek kan dit nie doen nie; ek maak nie die kerk toe nie, want die kerk het geen deure nie.' Die kerk het 'n toevlugsoord geword."

"Dit is ongemaklik om hier te woon," het hy voortgegaan. "Daar is muskiete, daar is modder, daar is geen lig nie, daar is

geen vryheid nie. Soms is ek gereed om handdoek in te gooi; my tasse is selfs gepak. Maar my vrou is sterker as ek, en God het vir haar 'nwoord gegee en gesê: 'Jy sal vir baie tot seën wees.' Dit is hoekom ons daar is."

Jorge deel sy broer se voorname.

"Vandag onthou ek die woord wat God in die Bybel geskryf het wat sê: *'Vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk.'*" het Jorge gesê, terwyl hy Romeine 8:28 onthou. "Ons het daardie ondervinding gehad. Ek dink dat die Here in dit alles die werk doen, en ons leef om die guerrillas te dien sodat hulle die weë van die Here kan ken."

"Ons is die drie musketiers van Arauca," het hy bygevoeg en gelag. "En ek weet ons het broers wat regoor die wêreld vir ons bid. U gebede is wat ons in hierdie moeilike plekke hou." ■

▼ Pedro (links), Juan Carlos (middel) en Jorge (regs), saam met hul vrouens, bly daartoe verbind om die Evangelie in 'n gevaaarlike streek van Colombia te verkondig.



Want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is; hierin het u dwaas gehandel, want van nou af sal daar oorloë teen u wees.

Gebedsdagboek Desember 2024

S 1	BAHREIN	Bid dat voortdurende politieke, godsdienstige en ekonomiese spanning sal voorsien dat evangelisasie en dissipelskap onopgemerk verbygaan.
M 2	MALEDIVE	Frontlinie-Werkers neem baie risiko's om die Evangelie te verkondig. Bid vir hulle wysheid en genade.
D 3	VAE*	Bid dat buitelandse Christenwerkers geleenthede sal kry om die Evangelie met Emirate te deel.
W 4	IRAK	Bid vir evangeliesasiepogings onder die Shabak, 'n Moslem-mensegroep wat nog met die Evangelie bereik moet word.
D 5	LAOS	Bid vir jongmense soos die 18-jarige Rung wat uit hul huise moet vlug nadat hulle hul geloof in Christus geplaas het.
V 6	SOMALIË	Bid dat lede van al-Shabaab deur die leuens van Islam sal sien en na Christus sal draai.
S 7	KOEWEIT	Bid vir groter toegang tot God se Woord in beide digitale en gedrukte formaat.
S 8	OMAN	Bid dat vervolgers deur die vergifnis en liefde van Christene na Christus getrek sal word.
M 9	BENIN	Bid dat 'n plaaslike toordokter wat probeer toor en kerkdienste ontwrig, vrede in Jesus Christus sal vind.
D 10	KATAR	Bid dat die Here nuwe Christene in gemeenskap met ander Gelowiges sal lei sodat hulle dissipelskap kan ontvang.
W 11	SIRIË	Bid dat Islamitiese groepe nie ongehinderd sal bly in hul onderdrukking en misbruik van Christene nie.
D 12	ALGERIË	Bid vir pogings om Algerynse Christene te help wat uit hul huise geskors is.
V 13	TURKMENISTAN	Bid vir Frontlinie-Werkers wat Christelike lektuur regoor die land versprei.
S 14	OESBEKISTAN	Vra die Here om 'n nuwe generasie Oesbekiese kerkleiers en evangeliste op te wek en toe te rus.
S 15	ETIOPIË	Bid vir pastors wat in streke van langdurige konflik werk.
M 16	KAMEROEN	Bid vir Christene wie se kerkgeboue in Islamitiese strooptogte vernietig is.
D 17	JORDANIË	Bid dat Jordaniërs steeds toegang tot Bybels sal hê.
W 18	TANZANIË	Bid dat regeringsamptenare, veral op die eilande Zanzibar en Pemba, Christene regverdig sal behandel.
D 19	COMORE	Bid vir die moed van nuwe Christene wat Islam onwettig verlaat het om Christus te volg.
V 20	VIËTNAM	Bid vir Frontlinie-Werkers wat Bybels in afgeleë gebiede van Viëtnam versprei.
S 21	SRI LANKA	Vra die Here van die oes om sigbare vrugte te produseer uit voortgesette Christelike werk onder Sri Lankaanse kinders en jeug.
S 22	MALEISIË	Bid vir groter toegang tot Maleise-taal Bybels, wat grootliks nie beskikbaar is buite Christen-meerderheid gebiede nie.
M 23	SAOEDI-ARABIË	Bid dat Saoedi-vroue wat onderdruk word, ware vryheid deur die Evangelie van Jesus Christus sal vind.
D 24	MALI	Bid dat meer Bybels in Mali se minderheidstale beskikbaar sal word.
W 25	SOEDAN	Bid vir groter toegang tot Christelike lektuur sodat Soedannese Gelowiges kan voortgaan om in geloof te groei.
D 26	BHOETAN	Bid vir die effektiewe opleiding en dissipelskap van plaaslike kerkleiers.
V 27	TADJIKISTAN	Bid dat die regering se pogings om Christelike lektuur as "ekstremisties" te bestempel, sal terugslaan en dat Tadjiks die waarheid sal soek.
S 28	COLOMBIË	Bid vir Frontlinie-Werkers wat die Evangelie onder die voortdurende bedreiging van geweld verkondig.
S 29	NIGER	Bid dat Christene in Niger in geloof volwasse sal word en in getal sal vermeerder.
M 30	INDONESIË	Bid dat Frontlinie-Werkers sal help dat die woord van die Here "sy snelle loop mag hê en verheerlik word" (2 Thessalonicense 3:1).
D 31	ERITREA	Bid dat gevange Christene baie geleenthede sal hê om die Evangelie te deel.

*Verenigde Arabiese Emirate

Christelike Sending Internasionaal



CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: cmi@vomsa.org | bianca@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org |
Facebook@cmi | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

VIR DONASIES AAN CHRISTELIKE SENDING INTERNASIONAAL gebruik asseblief enige van die volgende Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Verw.: U Naam en Sel Nr.

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

Verw.: U Naam en Sel Nr.

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centr)

Verw.: U Naam en Sel Nr.